# JESUS HORISONTAAL – RESPEKTEER MEKAAR?

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

## Vrae vir Bespreking:

*Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.*

# God Respekteer jou

**Wat beteken respek vir jou?**

**Wat beteken dit vir my en jou dat God my en jou respekteer?**

**Lees Filippense 2:5-8**
**Watter impak maak dit by jou om te weet dat God alles neer gelê het vir jou?**

**Voel dit vir jou of jy God se respek verdien in enige opsig?**

**Wat verhoed dat jy op die oomblik kan glo dat God jou respekteer?**

# Respekteer jouself.

**Psalms 139:13-14 - U self het my diepste wese gemaak, my in die moederskoot gevorm. Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering.**

**Kan jy so oor jouself dink? Hoekom?**

**Wat is sigbare voorbeelde van iemand wat met selfrespek leef? Leef jy so? Hoekom?**

**Kan jy die waarde wat God in jou raak sien ook self sien en uit leef?**

# Respekteer Ander.

**Galasiërs 2:20 - Ek leef nie meer nie, maar Christus lewe in my. Die lewe wat ek nou op aarde leef, leef ek deur geloof in die Seun van God, Hy wat sy liefde vir my bewys het deur in my plek te sterf.**

**Romeine 12:10-11 - As broers en susters in God se huisgesin moet julle mekaar in liefde koester en voor in die ry staan om mekaar met respek te hanteer. 11Moenie sleepvoet wees in julle toewyding nie; wees entoesiasties; wees werklik diensbaar vir die Here.**

**1 Samuel 16:7 - Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike."**

**In watter opsig kan jy die week die Here vertrou om jou te help om iemand te begin respekteer in die voorbeeld wat Jesus vir ons gestel het deur Sy lewe?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**